STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Prys 20c Price
Oorsee 30c Overseas
POSVRY—POST FREE

VOL. 145] KAAPSTAD, 29 JULIE 1977 CAPE TOWN, 29 JULY 1977 [No. 5670

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1360. 29 Julie 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 118 van 1977: Tweede Wysigingswet op Werkloosheidversekering, 1977.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1360. 29 July 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 118 of 1977: Second Unemployment Insurance Amendment Act, 1977.

Act No. 118, 1977 SECOND UNEMPLOYMENT INSURANCE AMENDMENT ACT, 1977.

ACT

To amend the Unemployment Insurance Act, 1966, in order to preserve the right of certain persons who were contributors immediately prior to Bophuthatswana's becoming independent, to benefits and allowances; and to provide for the payment of a certain amount to the Government of Bophuthatswana; and to provide for incidental matters.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 11 July 1977.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 7 of Act 30 of 1966.

1. Section 7 of the Unemployment Insurance Act, 1966 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph *(g)* of the following paragraph:

"*(g)* the payment of any other expenditure incurred by the Secretary in the administration of this Act including the expenses referred to in section 49 or 64C.".

Insertion of sections 64B and 64C in Act 30 of 1966.

2. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 64A:

" Preservation of certain rights after Bophuthatswana becomes independent.

64B. (1) No benefit or allowance payable to any person under Chapter VI immediately prior to the date on which Bophuthatswana becomes independent and no benefit or allowance to which any person has become entitled under the said Chapter before that date, shall cease to be payable on or after that date by reason only that the person concerned ceased to be a contributor by virtue of Bophuthatswana's becoming independent or that Bophuthatswana no longer forms part of the Republic.

(2) Any application by a person referred to in subsection (1) for a benefit or allowance under Chapter VI shall, subject to the provisions of this section, be made to and be dealt with by a claims officer, but such application shall not be considered unless it is received by such claims officer or his representative, who may be an officer or employee in the public service of Bophuthatswana, before the date on which Bophuthatswana becomes independent.

Payment of amount to Bophuthatswana for purposes of establishment of unemployment insurance fund.

64C. The Secretary shall, as soon as practicable after the date on which Bophuthatswana becomes independent, pay from the fund to the Government of Bophuthatswana an amount of three hundred thousand rand for the purpose of assisting it to establish an unemployment insurance fund for the payment of unemployment benefits in Bophuthatswana.".

Short title and commencement.

3. This Act shall be called the Second Unemployment Insurance Amendment Act, 1977, and shall come into operation on the date on which Bophuthatswana becomes independent.

TWEEDE WYSIGINGSWET OP WERKLOOSHEIDVERSEKERING, 1977. Wet No. 118, 1977

WET

Tot wysiging van die Werkloosheidversekeringswet, 1966, ten einde die reg van sekere persone wat onmiddellik voor die onafhanklikwording van Bophuthatswana bydraers was, op voordele en toelaes te beskerm; en om vir die betaling van 'n sekere bedrag aan die Regering van Bophuthatswana voorsiening te maak; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 11 Julie 1977.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 7 van Wet 30 van 1966.

1. Artikel 7 van die Werkloosheidversekeringswet, 1966 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf *(g)* deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(g)* die betaling van alle ander uitgawes wat die Sekretaris in verband met die uitvoering van hierdie Wet aangaan, met inbegrip van die in artikel 49 of 64C bedoelde koste.".

Invoeging van artikels 64B en 64C in Wet 30 van 1966.

2. Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet na artikel 64A ingevoeg:

„Beskerming van sekere regte na Bophuthatswana onafhanklik word.

64B. (1) Die betaling van 'n voordeel of toelae wat ingevolge Hoofstuk VI onmiddellik voor die datum van onafhanklikwording van Bophuthatswana aan iemand betaalbaar was en van 'n voordeel of toelae waarop iemand voor daardie datum ingevolge bedoelde Hoofstuk geregtig geword het, word nie op of na daardie datum gestaak nie slegs uit hoofde daarvan dat die betrokke persoon opgehou het om 'n bydraer te wees vanweë die onafhanklikwording van Bophuthatswana of dat Bophuthatswana nie langer deel van die Republiek is nie.

(2) 'n Aansoek deur iemand in subartikel (1) bedoel om 'n voordeel of toelae ingevolge Hoofstuk VI word, behoudens die bepalings van hierdie artikel, gedoen by en oor beskik deur 'n eisebeampte, maar sodanige aansoek word nie oorweeg nie indien dit nie deur so 'n eisebeampte of sy verteenwoordiger, wat 'n beampte of werknemer in die staatsdiens van Bophuthatswana kan wees, voor die datum waarop Bophuthatswana onafhanklik word, ontvang word nie.

Betaling van bedrag aan Bophuthatswana vir doeleindes van instelling van werkloosheidversekeringsfonds.

64C. Die Sekretaris moet so spoedig doenlik na die datum waarop Bophuthatswana onafhanklik word uit die fonds aan die Regering van Bophuthatswana 'n bedrag van driehonderdduisend rand betaal ten einde dit in staat te stel om 'n werkloosheidversekeringsfonds in te stel vir die betaling van werkloosheidvoordele in Bophuthatswana.".

Kort titel en inwerkingtreding.

3. Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Werkloosheidversekering, 1977, en tree in werking op die datum waarop Bophuthatswana onafhanklik word.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS BPK., KAAPSTAD —B1848/14 600.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B1848/14 600.